EMMANUEL

Die Lamp

U WOORD IS 'N LIG VIR MY PAD (Psalm 119:105).

BEGEERLIKHEID
Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers ... sal die koninkryk van God beërwe nie (1 Kor. 6:10).
Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid (2 Tim. 2:22).

TOORN
'n Opvlieënde man verwek twis, en 'n driftige man is ryk aan oortreding (Spreuke 29:22).

DRONKENSKAP
Die wyn is 'n spotter, en sterk drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie (Spreuke 20:1).
Op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif uit soos 'n basilisk (Spreuke 23:32).

VALSHEID
Valse lippe is vir die Here 'n gruwel (Spreuke 12:22).
'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om (Spreuke 19:9).

TOWERKUNS
Daar mag niemand by jou gevind word ... wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie (Deut 18:10-11).

DOOD
Want die loon van die sonde is die dood (Romeine 6:23).
En as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort (Jakobus 1:15).
Die siel wat sondig, dié moet sterwe (Esegiël 18:4).

Sonder 'n lamp

'n Sterwende vader het aan sy seun vertel dat hy sy geld in 'n diep grot begrawe het. Die seun het toe 'n lamp en 'n lang tou geneem. Hy het die tou buite aan 'n rots vasgebind. Toe hy deur die donker gang beweeg, al dieper en dieper onder die aarde in, het hy die tou losgedraai, wetende dat hy met behulp daarvan die pad uit maklik sou vind.

Uiteindelik het hy die plek gevind waar die geld weggesteek was. Hy was baie bly. Hy het sy lantern en tou op die grond neergesit en die geld uit die gaatjie begin haal. Skielik het die lamp uitgegaan. Hy het vergeet om vuurhoutjies saam te bring. Dit was pikdonker om hom. Hy het al die geld wat hy gevind het in sy sakke gesit en probeer om vir meer te voel, maar kon nie sien waar om te gaan nie. Hy het gebuk om die tou op te tel, maar kon dit nie vind nie. Hy het die **TOU VERLOOR.** Hy het oral op die vloer rondgekruip en gevoel daarvoor ... maar alles tevergeefs.

Weke later het mense die tou by die ingang van die grot opgemerk. Hulle het dit gevolg en met hulle lig die man gevind – dood. Hy het nie ver van die tou af gelê nie. Hy het in die donker gesterf met sy sakke vol geld.

Baie mense is soos hierdie man. Hulle is in die donker van sonde en kan nie die weg uit vind nie. God het 'n lamp, die Bybel, gegee maar hulle het dit verwaarloos. Hulle soek na geld en plesier, maar dink nie waar hulle gaan of wat hulle doen nie. (Is dit ook met u die geval?) Waar gaan hulle? Oorkant lê groter duisternis waar daar geween is, en gekners van die tande (Matt. 22:13). 'n Mens het 'n lamp nodig om die weg van die lewe te vind. God se wonderlike Boek, die Bybel, wys die weg uit die duisternis na die lig. "Lees en gehoorsaam God se Woord vandag en Hy sal u pad verlig."

Die verskil tussen Verlossing en Godsdiens

Terwyl ek in Kuba was, het ek een aand vir 'n groot gehoor in 'n tent gepreek. Talle het aan weerskante gestaan en die hele byeenkoms het met die grootste aandag na my preek geluister.

Ek het begin deur hulle te vertel dat die sogenaamde godsdienste van die wêreld nie kan red nie, en almal het geredelik saamgestem. "Mohammedanisme," het ek gesê, "kan nie red nie," en hulle het hulle hoofde instemmend geknik. "Judaïsme," het ek vervolg, "kan nie red nie," en weer het hulle saamgestem.

Toe kom ek effens nader tot die punt. "Die Grieks-Ortodokse geloof," het ek verduidelik, "kan nie red nie." Daar was nog geen teken van protes nie. Ek wis dat hulle in naam Rooms-Katoliek was en ek het 'n oomblik geaarsel voor ek die volgende bewering gemaak het. Eindelik het ek gepraat, "Rooms-Katolisisme kan nie red (verlos) nie." En tot my verbasing het nie een verontwaardiging getoon nie.

Ek ontdek toe dat dit presies was wat hulle verwag het dat ek, as 'n Protestant, sou sê. Toe wag hulle vir my volgende aanmerking. Hulle verwag toe dat ek in my volgende woorde sou verklaar dat my eie

Copyright © 2009 Emmanuel Press

godsdiens, Protestantisme, wél kan verlos. Hoe verbaas was hulle toe ek uitroep, "En Protestantisme kan nie red nie." Hulle was verstom. Hulle kon nie verstaan nie. Hier was ek, 'n Protestantse predikant, wat openlik verklaar dat my eie Protestantisme nie instaat is om te red nie. 'n Oomblik later het ek my standpunt verduidelik. "Protestantisme, my vriende," herhaal ek, "kan nie red nie, maar Jesus Christus wel. 'Jy sal Hom Jesus noem, want Hy sal verlos.' Christus is die enigste Verlosser. Daar is geen ander nie. Behalwe deur Hom is daar geen verlossing nie. Christus en Christus alleen verlos." So het ek geredeneer en hulle het verstaan.

Nie Mohammed nie, maar Christus. Nie Confucius nie, maar Christus. Nie Moses nie, maar Christus. Nie die Pous nie, maar Christus. Tensy u deur Christus verlos is, my vriend/vriendin, is u glad nie verlos nie. "Niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie," het Jesus gesê. Die Christelike leer kan nie red nie. Christus kan.

Daar is ook geen verlossing in enige ander nie, want "daar is geen ander naam onder die mense gegee waardeur ons gered kan word nie." Syne is die enigste Naam.

Laat my nou 'n vergelyking tref tussen verlossing en godsdiens. Laat my aantoon hoe die een van die ander verskil.

Eerstens, godsdiens is wat 'n mens doen aan of vir sy god. Verlossing is wat God doen vir die mens. Enigiets wat u doen vir die god wat u aanbid, is godsdiens. Maar wat God vir u tweeduisend jaar gelede gedoen het, aan Golgota se kruis, is redding.

'n Mens mag 'n goeie kerkganger wees. Hy of sy mag deelneem aan die sakramente. Hy mag 'n ampsdraer wees in die kerk of 'n toegewyde werker of werkster. Hy of sy mag elke diens bywoon. Maar dit alles as 'n basis vir verlossing is nutteloos. As dit alles gedoen word met die hoop om verlossing, om beloning daarvoor te onvang, is 'n mens bedroë. 'n Mens se geloof moet nie gegrond word op dit wat vir God gedoen word nie, maar eerder op dit wat God gedoen het.

Tweedens, godsdiens is DOEN; verlossing is GEDOEN. Godsdiens sê, "Hier bring ek iets in my hand." Redding sê, "Ek kom met leë hande."

Godsdiens kom met geslote hande, met 'n offer aan God. Dit mag gebede, trane, berou, boetedoening, sakramente, kerkbesoek, moraliteit, goedheid ens. wees. Verlossing kom met ope hande: "Net soos ek is." Verlossing roep uit in die woorde van die lied:

Ledig, en met skuld belas
Klem ek aan u kruishout vas,
Nakend, kom ek kleding vra
Hulp'loos smeek ek om gena,
Vuil, soek ek u heilfontein
Was my, Heiland, maak my rein.

Derdens, godsdiens bestaan uit plegtighede, vorm, seremonie, voorskrifte, leerstellings, onderwysings, wette en gebooie. Verlossing bestaan uit die mededeling van 'n nuwe lewe.

'n Mens is so besorg om plegtighede na te kom in die kerk, om te hou by sekere seremonies, om voorskrifte te beoefen, om leerstellings van God se Woord te onderskryf, om gebooie en wette te gehoorsaam, terwyl 'n mens weier om 'n mens se plek in te neem as sondaar, om 'n sondaar se Verlosser aan te neem, en die Ewige Lewe, goddelike Lewe, God se Lewe te ontvang. Die Woord is baie duidelik "dat God ons die Ewige Lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun ... Hy wat die Seun het, het Lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie" (1 Johannes 5:11-12).

Ek wil u wys op Christus. Indien u u verlaat op die Christelike godsdiens i.p.v. op Christus vir die redding van u siel, wend u onmiddellik na Hom, want Hy alleen kan u red. Godsdiens sal nie genoeg wees nie. U moet Christus hê.

En so, weereens, beklemtoon ek die duidelike woorde van my teks, en beveel u om op Christus te vertrou, en op Hom alleen vir Verlossing. "Die verlossing is in geen ander nie, want daar is onder die hemel vir die mense geen ander naam gegee waardeur 'n mens gered kan word nie." O, vertrou dan op Hom – vertrou Hom – nou.

Om meer oor die Here Jesus Christus te leer vul hierdie vorm in om 'n gratis korrespondensie-kursus te ontvang en stuur aan:

Naam: .....

Adres: .....

.....

..... Kode: .....

Emmanuel Press, Privaatsak, Witrivier 1240, Suid Afrika.

Tract No: 1010 The Lamp — Afrikaans